

20 Junie

Genesis 8:1-18, (Teks: 8:6-12)

Wag op God

Noag en sy gesin was veilig in die ark nadat God die deur agter hulle toegesluit het. Hulle het egter nie geweet wanneer hulle weer die ark sou verlaat nie. Hulle moes leer om gelowig te wag op God se tyd. Wagtyd is ook 'n spanningstyd. Dink net aan die baie dae en maande wat hulle in die ark moes wag - om presies te wees, een jaar en tien dae nadat hulle aan boord van die ark gegaan het.

Selfs die "boodskappers" (die kraai en die duiwe) wat hulle uitgestuur het om die wêreld daarbuite te gaan verken, het nie dadelik die goeie nuus gebring waarna hulle gesmag het nie. In klein brokkies het hulle die nuus oor die nuwe wêreld ontvang. 'n Klein varsg geplukte olyftakkie in 'n duif se bek was die enigste tasbare bewys wat hulle gehad het. So bitter min! Tog het dit aan hulle soveel troos, soveel hoop en soveel verwagting gebied. So wag ons ook op 'n nuwe wêreld. Ons wag op die wederkoms van onse Here Jesus Christus - op die tyd dat alles nuut sal wees. Christus het reeds ons vlees by Hom as pand in die hemel. Ons het sy Heilige Gees as teëpand hier op aarde. Ons het oneindig meer as net 'n olyftakkie in die hand. Ons het God se Heilige Gees in ons harte. Daarom wag ons in die geloof op God. Nie meer lank nie, want binnekort sal ons ook uitstap op God se nuwe aarde onder 'n nuwe hemel.

Sing: Skrifberyming 54 (Gesang 177): 1,3,4Ds. M.P. Harris (Witbank-Suidoos)